

Stellenbosch Biblioteek en Inligtingsdiens Opleidingsraamwerk vir Digitale en Inligtingsvaardighede 2022


In September 2014 die eerste maal aanvaar en goedgekeur; hersien en op 5 Mei 2022 goedgekeur

1. Die Raamwerk

Die raamwerk beskryf die ontwikkeling van verskillende vlakke van digitale en inligtingsvaardighede. Dit verwoord breë beginsels en metodes vir die integrasie van inligtingsvaardighede met onderrig en leer, en neem die oorvleueling van inligtingsgeletterdheid met ander geletterdhede, soos digitale, media- en datageletterdheid, in ag. Die biblioteek se medewerking met akademiese en steundienspersoneel lei tot innoverende programme vir die uitbreiding van inligtingsvaardighede. Deur middel van hierdie programme bereik studente uitkomst wat na hulle loopbane as US-graduandi oorgedra kan word.

2. Missie van Digitale en Inligtingsvaardighede

Die missie van die Biblioteek en Inligtingsdiens vir digitale en inligtingsvaardighede is om 'n leer- en opleidingservaring van gehalte aan die Universiteitsgemeenskap te lewer, met inagnome daarvan dat digitale en inligtingsvaardighede binne die groter raamwerk van akademiese geletterdhede val wat die instelling rig.



(Universiteit Stellenbosch, 2020)


Die Biblioteek en Inligtingsdiens verskaf leiding met die ontwikkeling van die noodsaaklike digitale en inligtingskennis en -vaardighede van die akademiese gemeenskap. Die program vir digitale en inligtingsvaardighede bevorder kritiese denke en rus individue vir lewenslange leer toe. In samewerking met akademiese kollegas, verryk die Biblioteek kurrikulums en skep leeromgewings wat die strategieë vir onderrig en leer, en navorsing en innovasie aan die Universiteit Stellenbosch ondersteun.

3. Omskrywings: Inligtingsgeletterdheid en Digitale Bevoegdheids

Inligtingsgeletterdheid is die stel geïntegreerde vermoëns wat die besinnende ontdekking van inligting, begrip van hoe inligting geskep en waardeur word, en die gebruik van inligting in die skep van nuwe kennis en etiese deelname aan leergemeenskappe, omvat (ACRL, 2015).

Die omskrywing van *digitale bevoegdheids* of *digitale geletterdheids* is 'n bewegende doelwit, aangesien ons begrip van behoeftes in die digitale omgewing in hoër onderwys toeneem (Killen, Beetham & Knight, 2017). Killen, Beetham en Knight (2017) omskryf, namens Jisc, digitale bevoegdheids as ses oorvleuelende elemente:

**Digital capabilities:
the six elements**



Inligtingsgeletterdheids word by hierdie model van digitale bevoegdheids ingesluit, met die idee dat digitale bevoegdheids ander geletterdheds in hoër onderwys (HO) insluit, aangesien die meeste akademiese skepping en interaksie in 'n digitale omgewing plaasvind. Digitale identiteit en welstand is onderliggend aan die ander elemente in digitale bevoegdheids, maar IKT-bekwaamheids vorm die kern van hierdie model. Dit dui op digitale burgerskap en 'n basiese stel vaardigheds wat nodig is om verskillende gebiede binne HO te navigeer. Die raamwerk vir digitale bevoegdheids verskaf ruimte vir die groeiende behoefte aan evaluerende en kritiese denke in die uitdyende wêreld van inligting en mediums vir inligting. Hierdie model steun ook swaar op toegang tot tegnologies vir IKT-bekwaamheids, wat op sy beurt die ander elemente van digitale bevoegdheids fasiliteer.

4. Doelwitte/Eienskappe van Digitale en Inligtingsvaardighede

Om die insluiting, integrasie en vasgelegdheid van digitale en inligtingsvaardighede/-bevoegdhe in kursuskurrikulums te verseker, onderneem die Biblioteek om die volgende te ontwikkel, te bevorder, te ondersteun en/of te verskaf:

- hulpbrongebaseerde leerervarings waar leer die gevolg is van die gebruik van meervoudige inligtingsbronne;
- studentgerigte onderrigmetodes, waaronder vraagstukgebaseerde, ondersoekgebaseerde en bewysgebaseerde leer;
- oppervlakkige en diep leerervarings, bv. opvoedkundige prosesse wat individue by kontekstuele leersituasies betrek;
- leerervarings wat meervoudige leerstyle, voorafkennis, en kulturele en maatskaplike diversiteit akkommodeer en optimaliseer;
- geleentheid vir selfgerigte e-leer en die ontwikkeling van kritiese denke;
- assesseringsinstrumente en -strategieë wat met die opvoedkundige oogmerke en doelwitte van die Universiteit Stellenbosch ooreenstem;
- oordraagbaarheid van vaardighede tussen vakdissiplines en verder; en
- vertikale en horisontale verwoording van begrippe en vaardighede (van een jaarvlak na die volgende en ook binne een jaarvlak) binne die afbakenings van 'n omskrewe studiekursus.

5. Bekwaamhede/Bevoegdhe van Digitale en Inligtingsgeletterdheid

Die bevoegdhe van inligtingsgeletterdheid vir die US Biblioteek en Inligtingsdiens is gegrond op die bevoegdhe wat in die Australiese en Nieu-Seelandse inligtingsgeletterdheidsraamwerk en die *Scholarly & Digital Capabilities Framework* van die Universiteit van Melbourne uitgelig word en die digitale bevoegdhe wat deur Jisc opgesom word.

Daar is ses hoofbekwaamhede/-bevoegdhe.

'n Inligtingsgeletterde persoon:

	Bevoegdhe	Doel	Leeruitkoms
1	Verstaan die vraag, identifiseer die kernbegrippe en verstaan die inligtingsbehoefte waaraan voldoen moet word (VIND)	Om kliënte in staat te stel om die inligtingsbehoefte ingevolge die kernvraagstukke of tersaaklike sleutelwoorde te beskryf; gebruik van Boole se operatore	<ul style="list-style-type: none">• Omskryf en verwoord die inligtingsbehoefte• Verstaan die verskeidenheid inligtingsbronne• Herevalueer die aard en omvang van die inligtingsbehoefte• Kies die mees geskikte metode of hulpmiddel vir die opspoor van inligting• Vorm en stel doeltreffende soekstrategieë in werking
2	Evalueer inligting en die inligtingsoekproses krities (EVALUEER)	Om kliënte in staat te stel om merkers van swak gehalte werk in akademiese en ander inligtingsbronne (soos webwerwe, blogs, ens.) te identifiseer	<ul style="list-style-type: none">• Assesseer die nuttigheid en tersaaklikheid van die inligting bekom• Omskryf en pas kriteria vir die evaluering van inligting toe• Besin oor die inligtingsoekproses en hersien

			die soekstrategieë
3	Bestuur ingesamelde of gegeneerde inligting; gebruik inligting verantwoordelik; verstaan en erken kulturele, etiese, regs- en maatskaplike kwessies rondom die gebruik van die inligting (ORGANISEER EN BESTUUR)	Hanteer tersaaklike etiese en regskwessies, soos plagiaat en kopiereg; gebruik bronverwysingsmetodes – toepas van hulpmiddels wat die akademiese onderneming vergemaklik, bv. Turnitin en Mendeley	<ul style="list-style-type: none"> • Teken die inligting en die bronne daarvan aan • Organiseer die inligting in gidse/lêers/volgens 'n logiese stelsel, bv. bibliografie, literatuuoroorsig • Gee erkenning aan kulturele, etiese en sosio-ekonomiese kwessies wat met toegang tot en gebruik van inligting verband hou • Besef dat inligting deur waardes en oortuigings ondersteun word • Voldoen aan toepaslike gebruik van inligting • Bekom, berg en versprei teks, data, beelde of klank en intellektuele eiendom wettiglik
4	Pas voorafkennis en nuwe inligting toe om nuwe begrippe te konstrueer of nuwe insigte te skep (KOMMUNIKEER)	Wend inligting krities aan om nuwe raamwerke en teorie te ontwikkel en by te dra tot nisiegebiede van navorsing of dit te skep, deur van bestaande hulpbronne gebruik te maak	<ul style="list-style-type: none"> • Vergelyk en integreer nuwe insigte met voorafkennis om waarde toe te voeg • Pas die inligting toe om 'n nuwe kennisbasis te skep, of nuwe oplossings vir vraagstukke te vind • Kommunikeer kennis en nuwe insig doeltreffend vir artikels, PowerPoint-aanbiedings, opdragte, ens.
5	Digitale skepping, innovasie en akademieskap (KREATIEWE PRODUKSIE)	Verstaan digitale hulpmiddels en tegnologieë om in staat te wees om digitale artefakte te ontwerp of te skep, met begrip van die lisensie- en ander beperkings in die digitale omgewing	<ul style="list-style-type: none"> • Ontwerp of skep nuwe digitale artefakte en materiaal in verskeie formate deur verskillende digitale prosesse, programmatuur en platforms; en doen dit in reaksie op digitale uitdagings en geleenthede • Om navorsingsontwerpe en -metodes met behulp van digitale hulpmiddels en/of prosesse aan te vul
6	Skep en werk mee aan die skep van artefakte en ruimtes vir die voorlegging en kommunikasie van wat uit gegewe take of projekte geleer is (SKAKEL, WERK MEE EN DEEL)	Om te verstaan waar en hoe navorsingsimpak tot voordeel van gemeenskapstoegang en begrip (oop toegang) gegeneer kan word en om hoë sigbaarheid vir bydraes tot kennisbasisse te bewerkstellig	<ul style="list-style-type: none"> • Begrip van die navorsingsimpak-landskap • In staat om die implikasies vir publikasie en deel van kennis op spesifieke platforms, in dissiplinêre vaktydskrifte en op platforms toepaslik vir die bevordering van interdisiplinariteit in navorsing, te verstaan

6. Opleiding in Digitale en Inligtingsvaardighede/-bevoegdhede (soorte, leweringsmodusse en assessering)

Soorte opleiding	Leweringsmodusse	Assessering (verwys na die meet en beskrywing van studenteleer) Evaluering (terugvoer oor die doeltreffendheid van die program)
<p>Oriëntering en algemene biblioteekgebruik</p> <p>Def. Generiese opleiding (NIE onderwerpspesifiek NIE) vir 'n groep wat die biblioteek kom verken, of 'n kort oriëntering in die klaskamer, waar biblioteekgebruik en -praktyk verduidelik word. Sessie is vooraf gereël en beduidende voorbereiding is gedoen.</p> <p>NB Dit is <u>nie</u> nodig om statistiek oor hierdie soort opleiding aan te teken nie.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Tutoriale teen eie pas (SUNLearn) • Wys en vertel • MS Teams 	<ul style="list-style-type: none"> • Informele terugvoer van kliënte (Evaluering)
<p>Individuele opleiding: In persoon of aanlyn</p> <p>Def. Module-spesifieke (nie geassesseer nie) of generiese opleiding van 'n individu met 'n inligtingsbehoefte of -probleem (instap of per afspraak) (15 minute of langer).</p> <p>Inhoud/uitkomst: Fokus op spesifieke areas van Stap-vir-stap-gids – niekredietdraend</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Prakties • Interaktief • Rekenaargesteen • Biblioteekgidse • MS Teams 	<ul style="list-style-type: none"> • Informele terugvoer van kliënte (Evaluering)
<p>Groep: Generies – In persoon of aanlyn</p> <p>Def. Generiese NIE-onderwerpspesifieke opleiding vir 'n groep. Sessie is vooraf gereël en beduidende voorbereiding is volgens 'n lesplan gedoen, bv. generiese opleidingsprogram.</p> <p>Inhoud/uitkomst: Fokus op spesifieke areas van Stap-vir-stap-gids – niekredietdraend</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Prakties • Interaktief • Rekenaargesteen • Biblioteekgidse • Tutoriale teen eie pas op SUNLearn • MS Teams • Werksessies 	<ul style="list-style-type: none"> • Terugvoer van kliënte (vorms deur kliënte ingevul) (Evaluering) • Fokusgroepe (Evaluering) • Vraelyste (Evaluering) • NIE opdragte wat met modules verband hou NIE
<p>Groep: Module-spesifiek – in persoon en aanlyn</p> <p>Def. Onderwerpspesifieke opleiding in 'n klaskamer oor hoe om inligting vir 'n opdrag op te spoor en te gebruik. Sessie is vooraf gereël en beduidende voorbereiding is volgens 'n lesplan gedoen.</p> <p>Inhoud/uitkomst: Fokus op spesifieke areas van Stap-vir-stap-gids volgens die module-</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Prakties • Interaktief • Rekenaargesteen • Biblioteekgidse • SUNLearn • MS Teams 	<ul style="list-style-type: none"> • Opdragte wat met module verband hou • Terugvoer van kliënte (vorms deur kliënte ingevul) (Evaluering) • Terugvoer van dosent (vorms deur kliënte ingevul) (Evaluering)

uitkomst – niekredietdraend

Groep: Module-geassesseerd

Die onderwepspesifieke module is in samewerking met die dosent/departement ontwikkel. Inligtingsgeletterdheidsvaardighede is 'n uitkoms, en assessering vir kredietdoeleindes vind dienooreenkomstig plaas.

- Prakties
- Interaktief
- SUNLearn
- Onderwepspesifieke e-modules
- Biblioteekgidse
- MS Teams

- Opdragte
- Gevallestudies
- Toetse wat vir 'n spesifieke module tel

Inhoud/uitkomste:

Fokus op spesifieke areas van Stap- vir-stap-gids volgens die module- uitkomste

7. Kritieke suksesfaktore

- Heropleiding van bibliotekarisse om hulle behoorlik toe te rus as opleiers en assessors om aan die eise van 'n eietydse opleidingsprogram vir digitale en inligtingsvaardighede (DIVO) te voldoen;
- Kapasiteitsbou vir die opleier-bibliotekarisse ten opsigte van die aanwending van ontluikende tegnologieë om die DIVO-program aan te bied;
- Toegewyde finansiering en personeel met die regte kundigheid en wat inkoop op eksperimentering en die gebruik van nuwe tegnologieë en toepaslike opleidingsmateriaal;
- Akademiese vennootskappe en inkoop, veral met kredietdraende DIVO-programme;
- Aggressiewe bemerking van die DIVO-programme;
- Demonstreer die impak van die DIVO-intervensie op studentesukses; en
- Skep optimale opleidingsruimtes in die hoof- en takbiblioteke.

Hulpbronne gebruik:

ACRL. 2015. *Framework for Information Literacy for Higher Education*. Beskikbaar: <http://www.ala.org/acrl/files/issues/infolit/framework.pdf> [7 Maart 2022].

Bundy, A. (red.). 2004. *Australian and New Zealand Information Literacy Framework: principles, standards and practice*. 2de Uitgawe. Adelaide: Australia and New Zealand Institute for Information Literacy. Beskikbaar: https://www.utas.edu.au/_data/assets/pdf_file/0003/79068/anz-info-lit-policy.pdf [11 Maart 2022].

Corrall, S.M. 2007. Benchmarking strategic engagement with information literacy in higher education: towards a working model. *Information Research*, 12(4) referaat 328. Beskikbaar: <http://www.informationr.net/ir/12-4/paper328.html> [11 Maart 2022].

Esterhuizen, E. en Kuhn, R. 2010. CHELSA draft guidelines on information literacy: paving the way to a South African national framework? *Innovation*, 41:83-106. Beskikbaar: http://reference.sabinet.co.za/webx/access/electronic_journals/innovation/innovation_n41_dec_2010_a6.pdf [11 Maart 2022].

Killen, C., Beetham, H. en Knight, S. 2017. Developing organisational approaches to digital capability. *Jisc*. Beskikbaar: <https://www.jisc.ac.uk/full-guide/developing-organisational-approaches-to-digital-capability> [22 Maart 2022].

Stellenbosch University, 2020. *Conceptual framework document for academic literacies at Stellenbosch University*. Besikbaar: http://sunrecords.sun.ac.za/controlled/C4%20Policies%20and%20Regulations/Final_Conceptual%20Framework%20Document%20for%20Academic%20Literacies%20at%20Stellenbosch%20University.pdf [22 Maart 2022].

University of Melbourne, 2020. *Scholarly and digital capabilities framework: Building students' capabilities with data, information, knowledge and technologies for 21st century learning, research and work*. Besikbaar: https://library.unimelb.edu.au/_data/assets/pdf_file/0004/3508078/2020-draft_Scholarly-and-digital-capabilities-framework.pdf [27 Maart 2022].